SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2017

## GRAAD 11

| |
|---|
| **EKONOMIE**<br>**VRAESTEL 2** |

## EKSAMEN RIGLYNE

**21 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 2)**

**MEMORANDUM**

---

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1:

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

1.1.1 C✓✓ volledig onelasties
1.1.2 A✓✓ toeneem
1.1.3 B✓✓ dieselfde plek waar totale koste begin
1.1.4 D✓✓ TI
1.1.5 C✓✓ Jipsa
1.1.6 A✓✓ Wêreld Handels Organisasie
1.1.7 D✓✓ koolstofvrystelling
1.1.8 B✓✓ Millennium Ontwikkelings Doelwitte

(8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 H✓ As die kruis-pryselastisiteit van vraag positief is
1.2.2 F✓ Daar is baie firmas wat goedere produseer wat dieselfde is maar nie heeltemal identies is nie
1.2.3 D✓ Die firma produseer meer, dit word meer effektief en die koste van produksie van elke eenheid se gemiddeld daal
1.2.4 B✓ Die verandering in die besigheid se totale inkomste as gevolg van 'n ekstra eenheid van uitset
1.2.5 C✓ Arm mense beweeg van landelike gebiede na die stede met die verwagting om werk te kry
1.2.6 G✓ Groot organisasies wat goedere en dienste produseer in meer as een land reg oor die wêreld
1.2.7 A✓ 'n Bron word teen 'n vinniger koers verbruik as waarteen die bron weer genereer kan word
1.2.8 E✓ Verander produktiewe landbougrond in 'n onproduktiewe woestyn as gevolg van slegte grondbestuur

(8 x 1) (8)

### 1.3 EEN WOORD ITEMS

1.3.1 Wet van verminderende marginale nut✓
1.3.2 Homogene✓
1.3.3 Wins✓
1.3.4 Armoedegaping✓
1.3.5 Handelsblok / handelsooreenkoms✓
1.3.6 Besoedeling✓

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2**

**2.1 2.1.1 Gee TWEE faktore wat die pryselastisiteit van aanbod beïnvloed.**

- Die aantal verskaffers in die mark ✓
- Tyd wat dit neem om die produk te produseer ✓
- Aard van die produk en die duursaamheid✓
  (Aanvaar enige relevante faktore)

**(2 x 1) (2)**

**2.1.2 Hoe sal 'n verhoging in die kapitaal wat in die langtermyn gebruik word die besigheid bevoordeel?**

- Hulle baat by grootskaalse produksie✓✓
- Die grootte van die produksie potensiaal verhoog soos kapitaal verhoog✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

**2.2 DATA RESPONS**

**2.2.1 Watter prent verteenwoordig 'n perfekte onelastiese pryselastisiteit van vraag?**

Prent A✓✓ (2)

**2.2.2 Verduidelik elastisiteit van vraag volledig.**

Elastisiteit dui die respons of sensitiwiteit van een veranderlike aan as die ander verander. 'n Persentasie verandering van die veranderlike van die afhanklike veranderlike, met 'n verandering van een persent in die onafhanklike veranderlike.✓✓ (2)

**2.2.3 Hoekom is die verandering in die hoeveelheid gevra groter as die verandering in die prys van prent B?**

- Die hoeveelheid gevra reageer as gevolg van 'n verandering in die prys, maar met 'n groter persentasie as die verandering in die prys. ✓✓
- Vervaardigers wat hulle inkomste wil verhoog kan dit doen deur die prys van die produk te verlaag, omdat die verandering in die hoeveelheid gevra proporsioneel groter sal wees as die verandering in die prys van die produk. ✓✓ (2)

**2.2.4 Bereken die pryselastisiteit van die vraag vir prent B. Toon alle berekeninge. Persentasie verandering in die hoeveelheid gevra**

$$= \frac{\Delta Q_d}{Q_d} \times \frac{100}{1}$$
$$= \frac{(600 - 480)}{600} \times \frac{100}{1} \checkmark$$
$$= \frac{120}{600} \times \frac{100}{1}$$
$$= 20\%$$

**Persentasie verandering in die prys**

$$= \frac{\Delta P}{P} \times \frac{100}{1}$$
$$= \frac{(5{,}50 - 5)}{5} \times \frac{100}{1} \checkmark$$
$$= \frac{0{,}5}{5} \times \frac{100}{1}$$
$$= 10\%$$

**Elastisiteit =** $\dfrac{\text{\% verandering in die hoeveelheid gevra}}{\text{\% verandering in die prys}}$

$$= \frac{20\%}{10\%} \checkmark\checkmark$$
$$= 2$$

(4)

## 2.3 DATA RESPONS

**2.3.1 Hoekom is die tabel hierbo 'n aanduiding van die korttermyn?**

Die totale koste sluit vaste koste in wat slegs in die korttermyn kan voorkom.✓✓ (2)

**2.3.2 Wat is die verhouding tussen Totale Veranderlike Koste en die Totale produk?**

Totale veranderlike koste neem toe as die totale produksie toeneem / positiewe verhouding beide verhoog saam.✓✓ (2)

**2.3.3 Verduidelik *Marginale Koste*.**

Marginale koste is die koste van die produksie van een addisionele eenheid.✓✓ (2)

**2.3.4 Bereken A in die tabel hierbo. Toon alle berekeninge.**

$$MK = \frac{\Delta TK}{\Delta Q} \checkmark$$

$$= \frac{60}{10} \checkmark$$

$$= 6 \checkmark\checkmark$$

(4)

**2.4 Onderskei tussen *winsmaksimering* en *inkomstemaksimering* as doelwitte van ’n besigheid.**

**Winsmaksimering**

- Winsmaksimering beteken om soveel wins as moontlik te maak. ✓✓
- Wins is die verskil tussen die inkomste en die koste van ’n besigheid. ✓✓
- Om wins te maksimeer moet die besigheid op ’n vlak produseer waar die koste van produksie baie laag is en die inkomste verdien baie hoog is. ✓✓
- Die winsmaksimeringsdoelwitte kan alleen behaal word as die besigheid al ’n geruime tyd in die mark is en suksesvol teen ander besighede meegeding het. ✓✓
  (Aanvaar enige relvante antwoord)

(Maks 4 punte)

**Inkomstemaksimering**

- Sommige besighede het hoë kostes. ✓✓
- Besighede moet voldoende inkomste verdien om die koste te dek. ✓✓
- Deur teen laer pryse te verkoop of om ander tegnieke te gebruik soos reklame, kan die besigheid sy inkomste verhoog. ✓✓
- Die inkomste is verbind met verkope. ✓✓
  (Aanvaar enige relevante antwoord)(Ken ’n maks. van 4 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite)

(Maks 4 punte)
(2 x 4) (8)

**2.5 Op watter manier sal kennis oor pryselastisiteit van vraag die entrepreneur help om ’n besluit te neem om sy winsvlakke aan te pas.**

| | |
|---|---|
| **Perfek onelasties**✓ | • Die hoeveelheid gevra bly onveranderd ongeag van ’n verandering in die prys✓✓<br>• Vervaardigers kan hulle inkomste verhoog deur die prys van die produk te verhoog✓✓ |
| **Onelasties**✓ | • Die hoeveelheid gevra reageer teenoor ’n verandering in die prys✓✓<br>• Vervaardigers word aangemoedig om hulle inkomste te verhoog deur die prys van die produk te verhoog, die persentasie verandering in vraag is proposioneel kleiner as die verandering in die prys van die produk✓✓ |
| **Eenheids-elasties**✓ | • Die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra is dieselfde as die persentasie verandering in die prys van die produk✓✓<br>• Vervaardigers kan nie die prys van die produk verhoog nie omdat die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra dieselfde is as die verandering in die prys✓✓ |
| **Elasties**✓ | • Die hoeveelheid gevra reageer as gevolg van die verandering in die prys van die produk, maar met ’n groter persentasie as die verandering in die prys✓✓<br>• Vervaardigers wat hulle inkomste wil verhoog kan dit doen deur die prys van die produk te verlaag, omdat die persentasie verandering in die vraag proporsioneel groter is as die persentasie verandering in die prys van die produk✓✓ |
| **Perfek elasties**✓ | • As die vraag perfek elasties is sal dit lei tot ’n verandering in prys en ’n oneindige verandering in die hoeveelheid gevra. ✓✓<br>• Inkomste sal oneindig verhoog met ’n verlaging in die prys. ✓✓ |

(Ken ’n maks. van 2 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite) (8)

**[40]**

**VRAAG 3**

**3.1 3.1.1 Noem enige TWEE beleide en wetgewings wat deur die Departement van Omgewingsake gebruik word om die omgewing te beskerm.**

- Die Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermingsgebiedewet (57 van 2003)✓
- Die Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermingsgebied Aangepastewet (31 van 2004) ✓
- Die Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (10 van 2004) ✓
- Die Kusbestuurswet: Integrale Kusbestuur (24 van 2008) ✓
- Die Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet (59 van 2008) ✓
- Die nuwe Nasionale Omgewingsbestuur: Lugkwaliteitwet (39 van 2004) ✓
- Maatreëls om brandstofvrystelling te verminder. ✓
- Bewusmakingsveldtogte en vennootskapsprojekte met verskeie organisasies ✓
- Atmosfeer Besoedelingsvoorkomingswet (45 van1965) ✓
- Bewaring van Landbouwet (43 van 1983) ✓
- Omgewingsrasionaliseringswette (151 van 1997) ✓
- Minerale en Petroleum bronne Ontwikkelingswette (28 van 2002) ✓
- Nasionale Veld en Boswet (101 van 1998) ✓
- Nasionale Waterwet (36 van 1998) ✓
  (Aanvaar enige relevante beleid of wetgewing)

(2 x 1) (2)

**3.1.2 Hoekom sal onvoldoende opleiding in die gemeenskap lei tot chroniese armoede?**

Mense in die gemeenskap het nie toegang tot aanvaarbare opleiding nie en bly ongeskoold hulle lewe lank of vir ŉ lang tydperk.✓✓ (1 x 2) (2)

**3.2 DATA RESPONS**

**3.2.1 Wat stel die prent hierbo voor?**

Armoede✓ (1)

**3.2.2 Wat is die armoedelyn wat genoem word in die prent hierbo?**

Die armoedelyn is die minimum lewensstandaard gebaseer op die koste van ŉ algemene mandjie basiese kosprodukte. Die bedrag geld wat nodig is om vir hierdie basiese produkte te betaal bepaal die armoedelyn✓ (1)

**3.2.3 Stel die prent absolute of relatiewe armoede voor? Motiveer jou antwoord.**

Absolute armoede✓
Hulle kan nie hulle basiese behoeftes soos kos, skuiling en klere bevredig nie✓ (2)

**3.2.4 Hoe kan internskapsprogramme bydra tot die verligting van armoede?**

- Die student verkry praktiese ondervinding sowel as teoretiese kennis✓✓
- Verbeter hulle kans om beter werk te kry na die internskap✓✓
- Verkry vaardighede om ŉ entrepreneur te word, ✓✓
- Om moontlike verdienstes te verbeter en ŉ beter lewenstandaard te handhaaf✓✓

(Aanvaar enige relevante antwoord) (2)

**3.2.5 Wat kan moontlik die oorsaak wees van bogenoemde scenario**?

- **Werkloosheid**:Siektes verminder die hoeveelheid werk wat siek mense kan doen, dit verminder hulle inkomste en veroorsaak groter armoede. ✓✓
- **Gebrek aan opleiding**: Dit verhoed dat mense ŉ ordentlike werk kan kry wat hulle en hulle gesinne uit armoede sal lig. ✓✓
- **Globale finansiële krisis**: Arm lande het nie geld vir beleggings nie wat belangrik is vir ontwikkeling en groei; dit vergroot die gaping tussen ryk en arm. ✓✓
- **Gebrek aan produktiewe hulpbronne**: In arm lande is daar nie genoeg produktiewe hulpbronne om ŉ volhoubare bestaan te verseker nie. ✓✓
- **Disfunksionele owerhede**: Baie regerings het hulle eie teëspoed en gebrek aan fisiese en sosiale infrastruktuur veroorsaak wat die armes verder negatief beïnvloed. ✓✓
- **Omgewings en klimaatsveranderinge**: Meer droogtes, vloede en verandering in klimaatspatrone vra ŉ skuif in gewasse en landbou tegnieke wat mense nie maklik kan maak nie. Arm mense is swak toegerus om hierdie aanpassings te maak om aan te pas by die veranderde reënpatrone. ✓✓
- **Oorlog en konflik**: ŉ Groot gedeelte van vandag se globale armoede is as gevolg van oorlog geteisterde en lande wat konflik beleef het. ✓✓

(2 x 2) (4)

## 3.3 DATA RESPONS

**3.3.1 Hoekom is dit nodig vir die owerheid om visvangkwotas in te stel, volgens die artikel hierbo?**

Die marine hulpbronne verminder / is aan die kwyn ✓✓ (1)

**3.3.2 Noem ’n oplossing wat die owerheid beplan om alternatiewe werkskepping in die gemeenskap te skep**

- Hulle beplan ’n nuwe hawe✓
- Kyk na eko-toerisme✓ (1)

**3.3.3 Verduidelik die kwotasisteem wat deur die owerheid ingestel is.**

’n Kwota beperk die hoeveelheid vis wat een persoon per dag mag vang / beperk die hoeveelheid vis wat toegelaat word om uit die see geneem te word✓✓ (2)

**3.3.4 Bespreek die redes waarom die arm visserman nie sal baat by hierdie kwotas nie.**

- Die koste van ’n kwota is baie hoog✓✓
- Hulle het nie dieselfde infrastuktuur as die groter maatskappye nie✓✓
- Die kwota is nie groot genoeg om die koste te dek en nog ’n goeie lewensstandaard te handhaaf nie✓✓
  (Aanvaar enige relevante verduideliking.) (2)

**3.3.5 Hoe kan ons voorkom dat ons “visvoorraad verdwyn”?**

- Stop die oor-verbruik van vis. ✓✓
- Stop die besoedeling van die oseaan wat lei tot die dood van sommige vissoorte. ✓✓
- Stop die groot buitelandse skepe van die grootskaalse vangste van ons oseaan se visse. ✓✓
- Ons moet vistelingsprogramme aanmoedig. ✓✓
  (Aanvaar enige relevante antwoord) (2 x 2) (4)

**3.4 Bespreek die inkomste ondersteuningsprogramme wat die owerheid het om armoede te verlig.**

- Maatskaplike toelaes✓- Geld wat deur die staat aan mense betaal word om hulle te help om hulle basiese behoeftes te bevredig.✓✓ Voorbeelde: Kinderondersteuningstoelaag, pleegsorgtoelae, pensioentoelaes, gestremdheidstoelaes. ✓
- Sosiale lone✓: Toegang tot basiese dienste ✓✓ - toegang tot basiese goedere soos water, behuising, onderwys en mediese dienste. ✓
- Die staat subsidieer dienste en verhoog so die inkomste van die arm huishoudings. ✓✓
- Werkskeppingsprogramme verhoog die huishoudings se inkomste. ✓✓
- Gemeenskaps Gebaseerde Publieke Werkprogramme ✓ – die doel is om werkloosheid, armoede en honger te verlig. ✓✓ Die program verskaf korttermyn werksgeleenthede gerig op landelike omgewings. ✓✓
- Uitgebreide Publieke Werksprogram ✓– verskaf werk aan werkloses en ongeskooldes. ✓✓
- Die Nasionale Jeugdiens✓ – verskaf geleenthede aan werklose jong mense tussen die ouderdom van 18 en 35 ✓✓
- Internskappe ✓– om die tekort aan geskoolde arbeid werkloosheid onder jongmense aan te spreek. Laat leerders werk en studeer . ✓✓
- Grondhervorming en Voedsel Sekuriteitsprogramme✓ poog om meer swart mense toegang te gee tot landbougrond. ✓✓

(Ken ’n maks. van 4 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite)

(4 x 2) (8)

**3.5 Hoe beïnvloed omgewingsverwaarlosing die Suid-Afrikaanse Ekonomie?**

- Die klimaat van Suid-Afrika word beïnvloed deur die veranderinge in die globale klimaat. ✓✓
- Hierdie verandering in die klimaat mag ’n groot effek hê op die verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die ekonomie. ✓✓
- Die verhoging in die temperatuur en die verandering in die reënvalpatrone het ’n groot impak op gesondheidsverwante kwessies soos velkanker. ✓✓
- Klimaatsverandering kan verwoestyning vererger, grond sal suurder word en landbouproduksie sal afneem as korrektiewe maatreëls nie toegepas word nie. ✓✓
- Die kosproduksie wat moet toeneem om die toename in die bevolking te dek word direk bedreig deur klimaatsverandering. ✓✓
- Watervoorrade sal verminder as gevolg van ’n afname in reënval en lei tot ’n verhoging in produksiekoste. ✓✓
- Verlies aan hulpbronne, bome wat nooit weer sal groei nie wat lei tot ontbossing. ✓✓

(Aanvaar enige relevante antwoord.)(Ken ’n maks. van 2 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite) (8)

**[40]**

**VRAAG 4** **40 PUNTE**

**4.1 4.1.1 Noem enige TWEE winste wat 'n besigheid kan maak.**

- Rekeningkundige wins✓
- Ekonomiese wins✓
- Normale wins✓ (2 x 1) (2)

**4.1.2 Hoe sal die Kyoto Protokol die omgewing help?**

Deur die vermindering van emissies van kweekhuisgasse, wat lei tot aardverwarming.✓✓
(Aanvaar enige relevante antwoord) (1 x 2) (2)

**4.2 DATA RESPONS**


**4.2.1 Beskryf 'n komplementêre produk.**

Komplimentêre produkte is verskillende produkte wat saam gebruik word om 'n begeerte of behoefte te bevredig, ✓✓bv. 'n tennis bal en tennisraket. ✓
(Aanvaar enige relevante voorbeeld.) (2)

**4.2.2 Hoekom is dit belangrik vir die produsent om die verhouding tussen komplimentêre produkte te verstaan?**

Stel produsente in staat om te voorspel watter impak 'n verandering in die prys van 'n komplimentêre produk op die vraag na hulle produk sal hê. ✓✓
Hulle sal dan in staat wees om maatreëls in plek te stel om dit te voorkom en hulle wins te maksimeer. ✓✓
Dit is koste effektiewe maatreëls soos om meer te produseer met dieselfde insette- dus meer produktief te wees. ✓✓ (2)

**4.2.3 In jou antwoordboek teken die grafiek vir Produk Y oor en illustreer grafies wat die impak van ’n prysverhoging (van P0 tot P1) van produk X op die komplimentêre produk Y sal hê.**




(6)

## 4.3 DATA RESPONS

**4.3.1 Verduidelik die ekonomiese boodskap wat voorgestel word in die prent hierbo.**

- Noord / Suid verdeling ✓
- Lande van die Suide het minder industrieë as die in die Noorde en daarom is die lande in die Suide afhanklik van die lande in die Noorde.✓▪

(1)

**4.3.2 Watter vasteland is in die hand van die kort mannetjie, volgens die prent hierbo?**

Afrika✓ (1)

**4.3.3 Noem TWEE organisasies wat gestig is om die vloei van handel tussen lande te beheer.**

- Wêreld Handelsorganisasie✓
- IMF✓
- Wêreld bank✓ (2)

**4.3.4 Verduidelik globalisering se effek op ontwikkelende lande.**

- Globalisering het ’n negatiewe effek op ontwikkelende lande.✓✓
- Verlies aan kultuur en identiteit.✓✓
- Die besoedeling van grootskaalse produksie in ontwikkelende lande lei tot droogtes, vloede en natuurrampe in ontwikkelende lande.✓✓
- Die uitputting van natuurlike hulpbronne (byvoorbeeld mineraalprodukte) in ontwikkelende lande.✓✓
  (Aanvaar enige relevante effek) (2)

**4.3.5 Watter faktore dra by tot bogenoemde scenario**

- **Kapitalisme**: ✓Is bekend om tot ongelykheid te lei omdat dit gebaseer is op die winsmotief en die versameling van rykdom. ✓✓
- **Globalisering**: ✓ Hoofoorsaak van ongelykheid reg oor die wêreld. Sommige ontwikkelde lande buit arm lande uit sodat ontwikkelende lande afhanklik raak vir hul oorlewing van die ontwikkelde lande. ✓✓
- **Immigrasie**: ✓ Wanneer immigrasie patrone tussen lande ongelyk is lei dit tot ongelykheid. ✓✓
- **Koers van ontwikkeling**: ✓ Lande in die Noorde en Suide het verskillende vlakke van ekonomiese groei. ’n Stadige groei verwys na ontwikkelende of onder-ontwikkelende lande in die Suide, terwyl ’n hoë koers van ontwikkeling verwys na die Noorde. ✓✓
- **Opkoms van ekonomiese magte**: ✓ Ontwikkelde lande met toegang tot kapitaal verkry ekonomiese mag. Hulle kan goedere meer effektief produseer, nuwe produkte ontwikkel en nuwe tegnologie gebruik, en voer meeste goedere uit na ander lande. ✓✓ Die kompetisie tussen opkomende ekonomiese magte maak dit moeilik vir ontwikkelende lande om te oorleef. ✓✓
- **Internasionale infrastrukture**: ✓ Lande van die Noorde het die meeste vervoersisteme.✓✓ Internasionale kommunikasienetwerke is amper heeltemal onder die beheer van die lande in die Noorde en die Suide betaal duur vir hierdie dienste. ✓✓
- **Nuwe tegnologie**: ✓ Die navorsing, ontwikkeling en produksie van nuwe tegnologie is in die hande van groot korporasies in die Noorde. ✓✓
- **Finansiële hulp en skuld**: ✓Baie lande in die Suide kry hulle fondse en krediet van die lande in die Noorde, gewoonlik teen hoë rentekoerse. ✓✓ Hierdie hoë koerse veroorsaak dat skuld oploop, leners betaal op die einde meer as wat hulle ontvang het in die vorm van beleggings. ✓✓
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

**4.4 Bespreek kortliks die karaktereienskappe van nut.**

- Tevredenheid is abstrak omdat nut nie gemeet kan word nie ✓✓ – daar is geen standaard manier om iemand se nut te meet nie, so ekonome ken ŉ waarde toe en noem dit "utils". ✓✓
- Nut is subjektief ✓✓ – dit verskil van persoon tot persoon, ✓✓ – die bevrediging wat twee mense kry deur dieselfde produk te verbruik verskil as gevolg van hulle persoonlike voorkeure ✓✓ bv. vir sommige mense sal roomys ŉ hoë nut hê terwyl ander mense eerder koeldrank sou verkies.✓
- Nut verskil van een situasie tot die ander / (Van tyd tot tyd) ✓✓ – bv. warm klere verskaf bevrediging in die winter teenoor in die somer.✓✓
- Nut verskil van plek tot plek✓✓ – swemklere sal bevredigend wees by die strand maar nie in die klaskamer nie. ✓✓

(Ken slegs 4 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite)

(4 x 2) (8)

**4.5 Hoe beïnvloed armoede die mense van Suid-Afrika?**

- Die arm mense se trots en waardigheid word negatief beïnvloed. ✓✓
- Armoede dwing mense om misdade te pleeg om te oorleef. ✓✓
- Armoede kan die sosiale stabiliteit beïnvloed en ŉ gebrek aan gemeenskaplike respek en onverdraagsaamheid tot gevolg hê. ✓✓
- Armoede lei tot migrasie van mense van landelike gebiede tot stede in die hoop om beter werk te kry. ✓✓
- Armoede lei tot die afname in die vraag en dit lei tot verdere werkloosheid en meer armoede (armoedesiklus) ✓✓
- Armoede lei tot gesondheidsprobleme as mense nie genoeg kos kry nie, veral kinders van arm gesinne lei die meeste. ✓✓
- Mense word negatief en hou op om na werk te soek. ✓✓

(Ken slegs 2 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite.) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

<table>
<tr><th>STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL</th><th>PUNTE-TOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Inleiding<ul><li>‘n Goeie vertrekpunt behoort ‘n bepaling te wees van die hoofkonsep wat verwant is aan die vraag</li><li>Moenie enige deel van die vraag insluit in jou inleiding nie</li><li>Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie</li><li>Vermy deur in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.</li></ul></td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>Liggaam<br>Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>Addisionele gedeelte: Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor</td><td>Maks. 26<br><br>Maks. 10</td></tr>
<tr><td>Slot<br><br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<ul><li>ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is</li><li>Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is</li><li>Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking / ontleding versterk</li><li>ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra</li><li>Aanbevelings</li></ul></td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td>40</td></tr>
</table>

**VRAAG 5**

**Produkmarkte kan nie bestaan sonder die faktor markte nie en die omgekeerde is ook waar.**

- **Bespreek volledig die produk en faktormarkte en verwys na die interafhanklikheid van hierdie twee markte. (26 punte)**
- **Hoekom is die volmaakte mededinger ʼn prysnemer? Illustreer jou antwoord met ʼn grafiek. (10 punte)**

**[40]**

**.**

**INLEIDING**

ʼn Mark is ʼn plek waar kopers en verkopers bymekaar kom, ooreenkom op ʼn prys en ʼn goedere of diens uitruil. ✓✓
(Aanvaar enige relevante definisie)

**(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Produkmark**

- Produkmarkte is plekke waar goedere en dienste gekoop kan word. ✓✓
- Dit is nie altyd fisiese plekke soos ʼn supermark nie, dit kan ook ʼn webwerf of advertensie in ʼn tydskrif wees. ✓✓
- Markte van goedere soos motors, kos en rekenaars, ens. ✓
- Die deelnemers in die ekonomie wat ʼn behoefte het aan produkte van hierdie mark is: huishoudings, besighede, staat en die buitelandse sektor. ✓✓
- Die produkmark vorm ʼn skakel tussen die koper van goedere en dienste en die firma wat goedere en dienste verkoop. ✓✓
- Die vraag na goedere en dienste is afhanklik van faktore soos inkomste, die grootte van die bevolking en die smaak en voorkeure van verbruikers. ✓✓
- ʼn Verhoging in hierdie faktore lei tot ʼn verhoging in vraag na die goedere en dienste plaaslik, in die streek, nasionaal en internasionaal.. ✓✓ (Maks. 10 punte)

**Faktormarkte**

- Die faktormark is die plek waar die produksiefaktore gekoop kan word. ✓✓
- Enige besigheid of individue kan land, kapitaal, arbeid en entrepreneurskap koop op die faktormark. ✓✓
- Elke faktor word in aparte markte verkoop. ✓✓
- ʼn Produksiefaktor soos grond en kapitaal kan gekoop word om produkte en dienste onmiddelik te vervaardig of as ʼn belegging. ✓✓
- Hierdie faktore verhoog in waarde oor tyd. ✓✓
- Arbeid het ʼn afgeleide vraag en word slegs gevra om te kan produseer. ✓✓
- Daar is geen nut om arbeid te koop nie behalwe as dit nodig is om onmiddellike uitsette te produseer ✓✓
- As die vraag na sekere goedere en dienste val, sal die vraag na arbeid om hierdie goedere en dienste te vervaardig ook val. ✓✓
(Maks. 10 punte)

**Interafhanklikheid van markte**

- Produkmarkte kan nie sonder faktormarkte bestaan nie en omgekeerd. ✓✓
- Veranderinge in die faktormarkte het 'n direkte effek op die produkte (uitsette) markte. ✓✓
- Produksie faktore het slegs waarde as dit in die produksieproses gebruik word, ✓✓
- Die produksiefaktore is nie altyd beskikbaar nie. ✓✓
- Die prys van produksiefaktore word bepaal deur die vraag en aanbod daarvan. ✓✓ Die koste om 'n produk te produseer hang af van die koste van die produksiefaktore wat gebruik word in die produksieproses. ✓✓
- Grond is beperk – Kosproduksie word beïnvloed deur faktore soos droogte en swak grond gehalte of grond wat vir ander produksie prosesse gebruik word. ✓✓
- Arbeid is oorvloedig in aanbod in meeste lande. ✓✓ As 'n tekort aan geskoolde arbeid bestaan, sal die prys van goedere en dienste wat geskoolde arbeid nodig het styg. ✓✓
- As 'n tekort aan grond ontstaan sal dit die produksie van kos negatief beïnvloed.✓✓
- Dienste soos gesondheidsorg en onderwys sal negatief beïnvloed word deur 'n tekort aan geskoolde arbeid. ✓✓
- Daar is 'n groot afname in die aanbod van geskoolde arbeid in Suid-Afrika as gevolg van die effek van HIV / VIGS en emigrasie. ✓✓
- Baie industrieë is arbeidsintensief, is wat beteken dat al die produksie met die hand gedoen word. ✓✓
- Meeste goedere en dienste word op grootskaal geproduseer – kapitaal intensief – baie mense is werkloos omdat hulle vaardighede nie langer benodig word vir die produksie nie.✓✓
- Daar was 'n toename in masjinerie en toerusting. ✓✓
- 'n Toename in die koste veroorsaak dat die aanbod-kurwe van die produk na links skuif, dit is duurder vir die firma om die produk tee produseer. ✓✓
  Ken slegs 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite.)


**(Maks. 26)**


## ADDISIONELE DEEL

**Hoekom is die volmaakte mededinger ’n prysnemer? Illustreer jou antwoord met ’n grafiek.**

- In ’n volmaakte mark is daar baie kopers en verkopers. ✓✓
- Dit is nie moontlik vir een firma op hulle eie die prys te beïnvloed nie. ✓✓
- Nie een van die produsente kan ’n hoë prys vra omdat dit sal lei dat hulle markaandeel sal verloor aan ander produsente. ✓✓
- Die prysverandering in ’n volmaakte mark word bepaal deur vraag en aanbod met geen eksterne faktore wat dit hoër of laer maak nie. ✓✓
- Soos wat nuwe firmas met gemak kan toetree tot die mark, word die prys met elke nuwe toetrede afgedruk. ✓✓ Die prys deur die individuele firma gevra moet dieselfde as die mark wees. ✓✓
- Die individuele firma se vraag-kurwe is horisontaal of perfek elasties. ✓✓

(Verduideliking Maks 6 punte)




Hoeveelheid

Hoeveelheid

**Die industrie✓**

**Die individuele firma✓**

(Grafieke Maksimum 4 punte)

**(Maks. 10)**

## SLOT

Sonder markte sou owerhede moes ingryp en dit kan lei tot markmislukking. ✓✓
(Aanvaar enige relevante slot)

**(Maks. 2)**

**[40]**

**VRAAG 6**

**Internasionale handel het oor die jare floreer as gevolg van die vele voordele wat dit aan verskillende lande regoor die wêreld gebied het.**

- **Verduidelik volledig Absolute en Vergelykende voordeel en hoe dit globalisering kan help of benadeel. (26 punte)**
- **Hoe het globalisering Suid-Afrika negatief beïnvloed? (10 punte)**

**[40]**

**INLEIDING**

Wêreldhandel is tot voordeel van ŉ land as hulle die surplus produksie aan ander lande kan verkoop en koop wat hulle nie self kan produseer nie.✓✓
(Aanvaar enige relevante definisie)

**(Maks. 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**
**Absolute Voordeel**

- Die teorie van absolute voordeel is ontwikkel deur Adam Smith. ✓✓
- Sekere lande het ŉ voordeel bo ander lande as dit kom by die beskikbaarheid of die vermoë om sekere goedere en dienste te produseer. ✓✓
- ŉ Absolute voordeel beteken dat ŉ land ŉ monopolie het oor ŉ produk of dit kan produseer teen ŉ laer koste of hoër produktiwiteit. ✓✓
- Waar een land goedere kan produseer met minder hulpbronne as ŉ ander land. ✓✓
- Om ŉ absolute voordeel te hê beteken om iets meer effektief te produseer as ander lande. ✓✓
- Voorbeeld: Suid-Afrika het die meerderheid van die wêreld se diamante en het die beste metodes om dit te ontgin en te verfyn, ons het ŉ absolute voordeel met die handel van diamante. ✓
- Ontwikkelde lande het gewoonlik ŉ absolute voordeel oor ontwikkelende lande in die vervaardiging van hoë-waarde goedere wat gevorderde tegnologie en geskoolde tegnici benodig. ✓✓
- Lande het verskillende absolute voordele in die vervaardiging van goedere omdat hulle verskillende grond, klimaat en vaardighede het. ✓✓
- Lande moet dit produseer waarin hulle die beste is. ✓✓

(Maks. 10 punte)

**Vergelykende Voordeel**

- Die Engelse ekonoom David Ricardo het hierdie beginsel van vergelykende voordeel gebruik om vas te stel watter produk ŉ land in moet spesialiseer. ✓✓
- Waar een land goedere teen laer geleentheidskoste kan produseer – minder word opgeoffer in die produksieproses. ✓✓
- Al het ŉ land geen absolute voordeel nie, kan dit nog steeds baat om ŉ vergelykende voordeel te hê. ✓✓
- ŉ Land is toegerus om ŉ produk te produseer teen laer koste as ander lande as dit spesialiseer in daardie produk. ✓✓
- Hierdie voordeel kan voorkom as beter tegnologie ontwikkel word, beter vaardighede ontwikkel word en goedkoper arbeid aangebied word of hoër produktiwiteit plaasvind. ✓✓

- Lande sal voordeel trek uit spesialisering soos koste van produksie wat verlaag in vergelyking met ander produkte en dienste. ✓✓
- Voer daardie produkte in wat benodig word, waar die produksiekoste hoog is in vergelyking met ander produkte en dienste. ✓✓
- 'n Land kan 'n vergelykende voordeel ontwikkel oor tyd soos wat kennis en vaardighede ontwikkel en hulle arbeid verbeter of infrastruktuur van die land verbeter. ✓✓
  (Maks. 10 punte)

**Die voordeel vir handel gebaseer op absolute en vergelykende voordeel**

- Natuurlike hulpbronne is oneweredig versprei – ✓ tussen lande en sommige lande is beter daaraan toe as ander met die produksie van sekere produkte. ✓✓ Internasionale handel help met die verspreiding. ✓✓
- Spesialisering ✓– Lande kan spesialiseer in die produksie van daardie produkte waarin hulle die beste is. ✓✓
- Beter keuses van goedere ✓ – Lande kan produkte verkry wat hulle andersins nie sou kon hê nie. ✓✓ Dit verhoog die verskeidenheid van goedere vir die verbruiker ✓✓
- Hoë volumes van handel ✓ – dra by tot ekonomiese groei en verhoog dus die lewensstandaard van lande. ✓✓
- Beter lewensstandaard en groter werkskepping ✓ – Nuwe werksgeleenthede kan geskep word as handel floreer en hoër inkomstes vir huishoudings en 'n beter vlak van welvaart as die basiese infrastrukture, gesondheidsorg en onderwys verbeter. ✓✓
- Ekonomiese groei ✓ – Verhoogde handel voorsien markte van produkte en dit stimuleer produksie en werkskepping. ✓✓ Dit lei tot ekonomiese groei en trek buitelandse kapitale beleggings in nuwe besighede aan, verhoog staatsinkomste en verbeter die infrastruktuur. ✓✓
- Groter bewusmaking van globale probleme ✓ –dit beklemtoon sosiale, ekonomiese en omgewingsprobleme en stimuleer hulp vir hierdie probleme ✓✓.
  (Maks. 10 punte)

**Die nadeel van handel gebaseer op absolute en vergelykende voordeel**

- Markkragte ✓– 'n Land met meer mag kan 'n land met minder forseer om handel te dryf wat minder voordeel vir hulle het. ✓✓
- Vervoer ✓ – koste betrokke in internasionale handel verhoog die produksiekoste as daar 'n groot afstand tussen lande is. ✓✓
- Handels Struikelblokke ✓– Struikelblokke tot handel soos die instel van tariewe, kwotas en ander onregverdige hindernisse soos veiligheids regulasies sal die voordeel van internasionale handel laat verdwyn. ✓✓
- Afhanklikheid ✓ – As 'n land te afhanklik word van 'n ander land of'n paar industrieë en die prys val kan dit lei tot grootskaalse werkloosheid. ✓✓
- Nuwe / baba industrieë ✓ – Internasionale handel kan nuwe industrieë in 'n land benadeel, omdat hulle produksiekoste hoog is aan die begin. ✓✓
- Spesialisering ✓– mag 'n negatiewe effek hê as 'n oorlog begin of as 'n natuurramp voorkom en in- en uitvoere stop. ✓✓
- Wanneer invoere meer as uitvoere word, word die betalingsbalans negatief. ✓✓

(Maks. 8 punte)

(Ken slegs 8 punte toe vir opskrifte, voorbeelde en die lys van feite) **(Maks. 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

**Hoe het globalisering Suid-Afrika negatief beïnvloed?**

- Die land moet die toenemende kompetisie hanteer. ✓✓
- Krisisse in die finansiële markte in ontwikkelde lande het ŉ effek op ons markte. ✓✓
- Onstabiele omstandighede in naburige lande kan Suid-Afrika negatief beïnvloed en die persepsie wat ander lande oor Suid-Afrika het kan lei tot onttrekking van buitelandse beleggings. ✓✓
- Die vraag na minder geskoolde arbeid het verminder. ✓✓
- Die verhoogde vlakke van produksie het gelei tot verhoogde vlakke van besoedeling wat skadelik is vir ons omgewing. ✓✓
- Die storting van goedkoop produkte het industrieë soos die klerevervaardiging, die hoenderindustrie en die staalindustrie nadelig beïnvloed. ✓✓
- Suid-Afrika word op dieselfde standaard as ander ontwikkelende lande gemeet en kompeteer vir Buitelandse Direkte Beleggings. ✓✓ Die afgradering deur internasionale agente het ŉ negatiewe impak op ons skuld terugbetaling van internasionale lenings ✓✓ sowel as die vermoë om nuwe lenings te kry om die tekort op die betalings balans en Nasionale begroting te dek. ✓✓

**(Maks. 10)**

**SLOT**

Twee basiese beginsels om te bepaal of dit die moeite werd is of nie vir twee lande om met mekaar handel te dryf. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante slot.)

**(Maks. 2)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**TOTAAL: 150**